**9 Januarie** **Skrifgedeelte: Genesis 1:26-31; 2:15-17**
**Fokusgedeelte: Genesis 1:27-28**
**HK, Vraag 9**

## God se reg vir ons tot troos (1)

Menseregte. Ons het sekere fundamentele regte, dit wil sê regte wat in geregtigheid en billikheid eerbiedig moet word. Mense kan en het al ander se regte aangetas. Maar wat sou gebeur as God dit sou doen? As Hy dalk onreg teenoor die mens pleeg? Dan eis Hy wat ons nie kan doen nie.

Nee, Hy het ons as sy beeld gemaak. Dit beteken dat ons in ’n besondere verbintenis met God geplaas is. In hierdie verbond het God alles gegee: ’n regte omgewing, volledige versorging, geleenthede en ’n duidelik uitvoerbare opdrag. Die mens is in die tuin geplaas, kon van alle bome eet, kon vrugbaar wees en moes werk en heers. Ons het uitnemende gawes van God ontvang (NGB, Art. 14). Ons is in die begin gemaak om God te ken, lief te hê en in saligheid met Hom te lewe. Genesis 1:28 begin met ’n belangrike aankondiging: “Toe het God hulle geseën en gesê ...” Eers seën Hy hulle en dan gee Hy ’n opdrag aan hulle. Eers ontvang die mens alles en dan kom die opdrag. As God alles aan ons gee om te doen, het Hy die reg om iets van ons te eis. Hy eis liefde (HK 2:4).

Deur ons sonde verbreek ons hierdie besondere verbintenis. Is dit dan reg as God die mens maar laat begaan? Dan sou ons nie meer op God as God kon reken nie. God bly getrou in sy seën en eise. Hy tas dus nie die mens se regte aan nie. Hy handhaaf sy reg en sy trou teenoor ons. Dit is billike geregtigheid.

*Sing: Psalm 11:5 (1936-beryming)* *Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)*
*Psalm 11:3,4 (2001-omdigting)*